# KOMMUNIKAMMA 23 OKTOTBER 2022

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Die leraars besoek jou graag. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 23 Oktober**
**8:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**18:00 Leef@Kerk**

**Skriflesing:** Psalm 65
**Tema:** : Loof God vir water!
https://youtu.be/wrojG7lJOvo
Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.
Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Cala**

**Maandag 24 Oktober**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor die hele week via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD IN DIE KONSISTORIE.** Almal is welkom om die gebedsgeleentheid by te woon.
**17:30 MUSIEKBEDIENING**
**19:00 GEMEENTEBEDIENING**

**Dinsdag 25 Oktober**
**17:30 EIENDOMME**

**Woensdag 26 Oktober**
**Voedselhulp aan PE-Noord**
**Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.**
U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.
Kraggakamma gemeente het al R389 608,08 se kos aangekoop. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.** Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die voedselhulp program.

**18:00 SELLEIERSOPLEIDING**

**Vrydag 28 Oktober**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 30 Oktober**
**HERVORMINGSFEES EN TIENDEMAAND DANKOFFER**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**

**SAKE vir GEBED:**

- Ons dank die Here vir die lieflike reën en bly bid vir reën in ons opvangsgebiede.
- Brande het groot skade in onder andere die Noordkaap veroorsaak. Bid vir almal wat skade gely het en vir hulpverlening aan hierdie mense. Bid asb vir reën en die herstel van die weivelde.
- Die kosnood in PE Noord bly groot. Ons dank die gemeente vir hulle volgehoue bydraes wat 'n groot verskil in soveel mense se lewens maak.
- Die plaaslike bestuur van ons Metro en die groot uitdagings wat hulle in die gesig staar. Ons is dankbaar vir die herstelwerk en verbeteringe wat reeds gedoen is.
- Baie mense in ons land word geweldadig aangerand, vermoor of beroof. Ons beleef 'n gebrek aan respek vir menselewens. Bid tot die Here vir hulp en oplossings.
- Die oorlog woed voort in Oekraïne. Hommeltuig aanvalle is op Kiev se residensiële gebiede uitgevoer. Bid dat meer mense sal aanmeld vir hulpverlening.
- Dat beterskap sal intree by Frans Marx. Bid ook vir Margita wat hom bystaan in hierdie tyd.
- Anna Coetzee van Gazanialaan 57 sukkel baie met haar gesondheid.
- Bid vir Maryna en Hartman Potgieter se gesondheid.
- Michael McCleland se pa is baie siek. Bid vir hom en vir hulle as familie.
- Die Tiendemaand Dankoffer wat in Oktober opgeneem word.
- Patmos gemeente wat met 'n proses van beroeping begin het omdat hul huidige leraar aftree.
- Die matrieks wat eersdaags begin met hulle eindeksamens. In ons gemeente is dit Cara-Mari Botha, Wiaan Hanekom, Rhyan Mulder, Thriscka Stapelberg, Evan Strydom, Lainé Vlok en Shaun Westraadt.
- Ons bid vir ander leerders en studente wat ook in die komende week met eksamen gaan begin.
- Bid vir die familie van Isac de Meyer met sy afsterwe.

**Gebedsversoek vir There4-Bedieninge**
Bid saam met Christene in **Ethiopië** wat intens druk ervaar om hulle geloof te versaak, dat hulle kragtig sal vashou aan Jesus Christus en Hom sal vertrou met hulle toekoms.

**TIENDEMAAND DANKOFFER**.
Oktobermaand is tiendemaand dankoffermaand. Daar is 'n skrywe van die kerkraad aan die gemeente rakende hierdie dankoffer. Dienswerkers sal dit aan jou besorg of jy kan dit by die kerkkantoor kry of op die gemeente se webblad lees.
Ons doen 'n beroep op elkeen omjou dankbaarheidsbydrae met oorvloedigheid en blymoedigheid te gee. Ons begroot R170 000.00 vir die Tiendemaand dankoffer.
Hoe werk die tiendemaand insameling?

1. Jy ontvang `n tiendemaand dankofferkoevert wat jy enige tyd kan inbetaal, in die dankoffersakkie kan gooi of by die kerkkantoor kan inhandig. Sondag 30 Oktober 2022 is die amptelike 10de maand dankoffer sondag.
2. Jy kan ook 'n elektroniese inbetaling in die rekening van die kerk doen: NG Kerk Kraggakamma, Absa Bank rek nr.1400590091, Tjek Rek, Tak 511 917. Jy moet dit asb. duidelik merk as tiendemaand bydrae.

Ons wil graag hierdie insameling teen einde November afsluit.

**RAAK BETROKKE**

Ons nooi jou uit om betrokke te raak by die gemeente. Sien die lysie hieronder van behoeftes en kontak die kerkkantoor indien jy meer besonderhede wil kry:

- Dien op die kerkraad
- Gasvryheidsbediening – groet mense voor die eredienste in die voorportaal. Verwelkom nuwe intrekkers
- Betrokke raak by 'n selgroep
- Dien op tuinboukommissie wat sorg vir tuine rondom kerkkompleks
- Musiekgroep by die Eietydse diens of samesang by die Klassieke diens
- Die hantering van klank en data by albei eredienste
- Die stroom van die eerste diens

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**



Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 24 Oktober | Jurie Jordaan, Dalen Pagel, Vanessa Schoeman en Joey Viviers |
| 25 Oktober | Anna Coetzee |
| 26 Oktober | Tiaan Grobler, Debbie Jansen van Vuuren, Jean-Mari Mulder, Dominique van Niekerk en Issie Vosloo |
| 27 Oktober | Stephen Aylward, Dewan Bezuidenhout en Lianie Vlok |
| 28 Oktober | Danie Cronjé, Lynette Rust en Claudette Whital |
| 29 Oktober | Johannes Brophy, Yolande Gerber en Etienne Janse van Rensburg |

**Ons wens tannie Anna Coetzee baie geluk met haar 94ste verjaarsdag op 25 Oktober.**

**2023 ALMANAK**

Ons is in die proses om die almanakke vir 2023 te finaliseer. Ons druk een A5 kalender per huishouding. Indien jy eerder 'n groot muur kalender wil bestel, laat weet asb die kerkkantoor voor 31 Oktober 2022.

**FONDSINSAMELINGS KONSERT t.b.v St. Paul's Anglican Church se orrel**.

'n Fondsinsamelingskonsert t.b.v St Paul's Anglican Church se orrel wat groot herstelwerk benodig, word aangebied op Dinsdag 25 Oktober 2022 om 19:00 by NG-Uitenhage-Oos gemeente in Frèresingel, Van Riebeeckhoogte. U kan uitsien na die volgende:

- Orrelspel deur Antonio Lawack, Marius de Bruin en Liesel Murphy
- Andante Kamerkoor o.l.v Romano Jonathan
- Klavierduette deur Prof. Albert Troskie en Dr. Erika Bothma
- Sang deur Lucretia Sikwebu
- Musiekleerlinge van Hoërskool Brandwag o.l.v Isabella Scheepers
- NG-Oos Kerkkoor o.l.v Liesel Murphy

Kaartjies sal by die deur beskikbaar wees en kos R60 vir volwassenes en R30 vir pensioenarisse en kinders. Indien u verdere inliging benodig, kan u vir Marius kontak by 060 847 5772 / mdbperformingarts@gmail.com of vir Liesel by 073 731 7785 / lieselmurphy618@gmail.com

**NG GEMEENTE PORT ELIZABETH-SHERWOOD VAKATURE – SKRIBA-KASSIER**

Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Oktober 2022

Die NG Gemeente PE-Sherwood (hoek van Walkerrylaan en Devonweg, Sherwood, Gqeberha) beskik oor 'n vakature vir 'n skriba-kassier.

NAVRAE: Mnr Dewald Grundling, voorsitter kerkraad, slegs per e-pos by aansoek@sherwoodgemeente.co.za.

**NG DESPATCH BUITELUGFEES**

Die NG Gemeente Despatch hou op Saterdag 5 November vanaf 9:00 hulle Buitelug Fees. Indien jy 'n stalletjie by die fees wil hê, kan jy hulle kerkkantoor by 041 933 1415 kontak of stuur 'n whatsapp aan 081 850 0230. Die laaste dag vir besprekings is Saterdag 22 Oktober.

**PE NOORD BASAAR**

PE Noord gemeente hou op Saterdag 5 November vanaf 9:00 basaar te Daltonweg 87, Sidwell. Vir meer besonderhede kan jy hulle kerkkantoor kontak by 041 452 8221.

**STELLA LONDT AFTREE-OORD FONDSINSAMELING**

Die Aftreeoord hou op 12 November om 9:00 ‘n Damestee as ‘n fondsinsamelingsprojek. Die koste is R100 per persoon. Indien jy ‘n kaartjie wil koop, of as gasvrou wil optree, kontak asb vir Jualine Ferreira by 0846454026

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005